


- (1) 'n Spinwiel het vier gekleurde sektore.
Die sektore is onderskeidelik groen, blou,
rooi en geel.



- (a) Wat is die kans dat die spinwyser op geel sal
land as die wiel een maal gespin word?

$$\frac{1}{4}$$

- (b) As die wiel een maal gespin word, wat is die kans dat die spinwyser nie op rooi
sal land nie?

$$\frac{3}{4}$$

(Groen, blou of geel)

- (c) Wat is die kans dat die spinwyser op wit sal land as die wiel een maal gespin word?

$$\frac{0}{4} = 0$$

(Geen wit!)

- (2) 'n Dobbelsteentjie word gegooi.

- (a) Wat is die kans dat die steentjie op 'n onewe getal sal land?

$$\frac{3}{6} = \frac{1}{2}$$

(1, 3, 5)

- (b) Wat is die kans dat die steentjie op 'n ses sal land?

$$\frac{1}{6}$$

- (c) Wat is die kans dat die steentjie op 'n priemgetal sal land?

$$\frac{3}{6} = \frac{1}{2}$$

(2, 3, 5)

$$\text{Total} = 8 + 7 + 5 = 20$$

- (3) In 'n sakkie is daar 8 wit albasters, 7 rooi albasters en 5 groen albasters. Jy mag net een albaster uit die sakkie trek. Wat is die waarskynlikheid dat die albaster wat jy trek:

- (a) rooi sal wees?

$$\frac{7}{20}$$

- (b) wit sal wees?

$$\frac{8}{20} = \frac{2}{5}$$

- (c) nie rooi of wit sal wees nie?

⇒ Groen

$$\therefore \frac{5}{20} = \frac{1}{4}$$

- (d) watter kleur albaster het die beste waarskynlik om getrek te word?

Wit, want die meeste van die albasters is wit!

- (4) Verduidelik die volgende begrippe:

- (a) waarskynlikheid

Die kans dat 'n sekere gebeurtenis sal plaasvind.

- (b) moontlike uitkoms(te)

Spesifieke resultate nadat 'n eksperiment uitgevoer is.

- (c) relatiewe frekwensie

Die verhouding tussen die aantal kere wat 'n sekere gebeurtenis sal plaasvind tydens 'n reeks observasies in 'n eksperiment teenoor die totale aantal observasies in die eksperiment.

- (5) Beskou die volgende tabel wat 'n opsomming is van 6 eksperimente. Die doel van die eksperiment was om vas te stel watter van die volgende vakke leerders die meeste geniet: LO, Kuns en Kultuur of Tegnologie. Die leerders moes EEN van die vakke kies!

Eksperiment	1	2	3	4	5	6
Aantal leerders getoets	135	144	125	200	188	234
LO as voorkeur vak gekies	66	56	44	28	34	46
Kuns en Kultuur as voorkeur vak gekies	13	60	24	89	66	100
Tegnologie as voorkeur vak gekies	56	28	57	83	88	88

(a) Voltooi die tabel.

(b) Bepaal die relatiewe frekwensie van eksperiment 6 vir elke uitkoms.

$$\text{Eks 6: LO} \rightarrow \frac{46}{234} = \frac{23}{117} \text{ (RF)}$$

$$\text{KK} \rightarrow \frac{100}{234} = \frac{50}{117} \text{ (RF)}$$

$$\text{Teg} \rightarrow \frac{88}{234} = \frac{44}{117} \text{ (RF)}$$

(c) Bepaal die relatiewe frekwensie van al die eksperimente saam vir LO as voorkeur vak.

$$\text{LO totaal} = 66 + 56 + 44 + 28 + 34 + 46 = 274$$

$$\text{Totaal} = 135 + 144 + 125 + 200 + 188 + 234 = 1026$$

$$\therefore \text{RF vir LO} = \frac{274}{1026} = \frac{137}{513}$$

(6) Kies die korrekte antwoord vir elk van die volgende bewerings:

(a) Watter van die volgende is 'n eksperiment?

- A. Die gooi van 'n muntstuk.
- B. Gooi van 'n dobbelsteen.
- C. Trek van 'n suigstokkie uit 'n pak.
- D. Alle bogenoemde.

D

(b) Watter van die volgende is 'n uitkoms?

- A. Gooi van 'n dobbelsteen.
- B. Kies 'n getal vanuit 'n keuse van 6 getalle.
- C. 'n Dobbelsteen land op 'n ses.
- D. Geen van bogenoemde.

C

- (7) Die Conrad egpaar verwag 'n tweeling. Wat is die kans dat hulle twee seuns verwag?
Teken 'n boomdiagram!

$$W(2 \text{ seuns}) = \frac{1}{4} \text{ by } *$$

Daar is 4 moontlike uitkomstes!

